# ONGEOUDITEERDE GROEPRESULTATE vir die ses maande geëindig 30 September 2011

Invicta HOLDINGS LIMITED

Registrasienommer: 1966/002182/06
(In die Republiek van Suid-Afrika ingelyf)
Aandelekode: IVT • ISIN: ZAE000029773
("Invicta" of "the Groep")

| Inkomste | Wins vir die jaar | Verdienste per aandeel | Dividend |
|---|---|---|---|
| ↑ 18% | ↑ 21% | ↑ 34% | ↑ 35% |

## Gekonsolideerde verkorte STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | % verandering | Ongeouditeer 6 Maande geëindig 30 Sept 2011 R'000 | Ongeouditeer 6 Maande geëindig 30 Sept 2010 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2011 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Inkomste | 18 | **2 563 000** | 2 172 773 | 4 533 801 |
| Bedryfsinkomste | 22 | **260 915** | 214 155 | 505 493 |
| Rente en dividende ontvang | | **319 698** | 296 195 | 490 132 |
| Finansieringskoste | | **(351 324)** | (333 136) | (545 242) |
| Gedeelte van assosiaat | | **587** | 527 | 871 |
| Wins voor belasting | 29 | **229 876** | 177 741 | 451 254 |
| Belasting | | **(26 204)** | (9 152) | (25 032) |
| Wins vir die tydperk | 21 | **203 672** | 168 589 | 426 222 |
| **Ander omvattende inkomste:** | | | | |
| Wins op uitreiking van tesourie-aandele | | **19 567** | – | – |
| Wins op verandering in mate van beheer in filiaal | | **15 452** | – | – |
| Valuta verskille op omsetting van buitelandse bedrywighede | | **3 624** | (1 351) | (833) |
| **Totale omvattende inkomste vir die tydperk** | | **242 315** | 167 238 | 425 389 |
| **Wins toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Eienaars van die maatskappy | | **189 286** | 140 862 | 354 155 |
| Nie-beherende belang | | **14 386** | 27 727 | 72 067 |
| | | **203 672** | 168 589 | 426 222 |
| **Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:** | | | | |
| Eienaars van die maatskappy | | **227 412** | 139 965 | 353 630 |
| Nie-beherende belang | | **14 903** | 27 273 | 71 759 |
| | | **242 315** | 167 238 | 425 389 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | 34 | **269** | 201 | 504 |
| **Verwaterde verdienste per aandeel (sent)** | 29 | **252** | 195 | 480 |
| **Bepaling van wesensverdienste** | | | | |
| Toeskryfbare verdienste | | **189 286** | 140 862 | 354 155 |
| Aanpassings | | | | |
| – Netto waardedaling van eiendom, masjinerie en toerusting, en klandisiewaarde | | **–** | – | (4 271) |
| – Vrystelling van uitgestelde wins op uitreiking van aandele deur filiale | | **(11 610)** | – | (3 870) |
| – Netto wins op verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | | **(1 456)** | (1 192) | (117) |
| Totale aanpassings voor belasting en nie-beherende belang | | **(13 066)** | (1 192) | (8 258) |
| Belasting | | **2 280** | 334 | 1 853 |
| Nie-beherende belang | | **–** | 172 | 632 |
| Totale aanpassings | | **(10 786)** | (686) | (5 773) |
| **Wesensvierdienste** | | **178 500** | 140 176 | 348 382 |
| **Uitgereikte aandele** | | | | |
| Geweegde gemiddeld (000'e) | | **70 356** | 70 174 | 70 211 |
| Aan einde van typderk (000'e) | | **71 916** | 69 911 | 69 954 |
| Getal aandele gebruik vir verwaterde verdienste per aandeel (000'e) | | **74 993** | 72 335 | 73 720 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | 27 | **254** | 200 | 496 |
| **Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)** | 23 | **238** | 194 | 473 |
| **Dividende per aandeel* (sent)** | | **77** | 57 | 183 |
| – Tussentyds | 35 | **77** | 57 | 57 |
| – Finaal | | **–** | – | 126 |

** In ooreenstemming met IAS 10 word die tussentydse dividend van 77 sent per aandeel, wat deur die direkteure voorgestel is, nie in die tussentydse resultate getoon nie.*

## Gekonsolideerde verkorte STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | Ongeouditeer 6 Maande geëindig 30 Sept 2011 R'000 | Ongeouditeer 6 Maande geëindig 30 Sept 2010 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Aandelekapitaal** | | | |
| Saldo aan begin en einde van tydperk | **3 724** | 3 724 | 3 724 |
| **Aandelepremie** | | | |
| Saldo aan begin en einde van tydperk | **282 715** | 282 715 | 282 715 |
| **Tesourie-aandele** | | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **(119 809)** | (96 570) | (96 570) |
| Tesourie-aandele verkoop (verkry) | **9 599** | (24 770) | (23 239) |
| Saldo aan einde van tydperk | **(110 210)** | (121 340) | (119 809) |
| **Teruggehoue inkomste** | | | |
| Saldo aan begin van die tydperk | **1 391 305** | 1 198 882 | 1 198 882 |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **189 286** | 140 862 | 354 155 |
| Aandeel-appresiasie regte uitgeoefen | **(4 901)** | – | (50 920) |
| Wins op uitreiking van tesourie-aandele | **19 567** | – | – |
| Wins op verandering in mate van beheer in filiale | **15 452** | – | 961 |
| Dividende betaal | **(90 234)** | (71 896) | (111 773) |
| Saldo aan einde van tydperk | **1 520 475** | 1 267 848 | 1 391 305 |
| **Ander reserwes** | | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **53 330** | 54 215 | 54 215 |
| Voortspruitend uit die uitreiking van aandeel-appresiasie-regte | **4 511** | (13 588) | 19 226 |
| Voortspruitend uit die uitoefening van aandeel-appresiasie-regte | **(14 685)** | – | (19 586) |
| Voortspruitend uit die uitreiking van verkoop-opsie op gewone aandele verkry as deel van die direkteursleningskema | **4 600** | – | – |
| Voortspruitend uit omsetting van buitelandse bedrywighede | **5 919** | (1 351) | (525) |
| Saldo aan einde van tydperk | **53 675** | 39 276 | 53 330 |
| Toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers | **1 750 379** | 1 472 223 | 1 611 265 |
| **Nie-beherende belang** | | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **243 584** | 170 297 | 170 297 |
| Verdienste toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers | **14 386** | 27 273 | 72 067 |
| Gedeelte van buitelandse valuta-omsettingsreserwe | **1 170** | – | (308) |
| Nie-beherende belang verkry gedurende die tydperk | **(202 617)** | – | – |
| Netto belegging in filiale | **–** | 7 619 | 8 435 |
| Dividende betaal | **(1 724)** | (3 388) | (6 907) |
| Saldo aan einde van tydperk | **54 799** | 201 801 | 243 584 |

## Gekonsolideerde verkorte STAAT VAN KONTANTVLOEI

| | Ongeouditeer 6 Maande geëindig 30 Sept 2011 R'000 | Ongeouditeer 6 Maande geëindig 30 Sept 2010 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | | |
| Kontant gegenereer uit bedrywighede | **99 273** | 167 774 | 626 547 |
| Finansieringskostes | **(351 324)** | (333 136) | (545 242) |
| Dividende betaal aan Groep aandeelhouers en nie-beherende belang | **(94 580)** | (74 423) | (114 586) |
| Belasting betaal | **(11 877)** | (26 100) | (48 377) |
| Rente en dividende ontvang | **319 698** | 296 195 | 490 132 |
| Netto kontant (-uitvloei) -invloei uit bedryfsaktiwiteite | **(38 810)** | 30 310 | 408 474 |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | | |
| Netto kontantuitwerkings van bate verkrygings | **(28 754)** | (6 525) | (95 038) |
| Netto kontantuitwerkings van ander beleggingsaktiwiteite | **(290 336)** | (161 308) | (316 741) |
| Toename in langtermyn ontvangbare rekenings insluitende huidige gedeelte | **(75 005)** | (168 507) | (254 553) |
| Netto kontantuitwerkings van tesourie-aandeel beleggings | **29 166** | (24 770) | (23 239) |
| Netto kontantuitvloei uit beleggingsaktiwiteite | **(364 929)** | (361 110) | (689 571) |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | | |
| Netto kontantuitwerkings van lenings verkry | **333 057** | 324 887 | 475 046 |
| Netto kontantinvloei uit finansieringsaktiwiteite | **333 057** | 324 887 | 475 046 |
| Netto (afname) toename in kontant en kontantekwivalente | **(70 682)** | (5 913) | 193 949 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk | **408 656** | 214 707 | 214 707 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk | **337 974** | 208 794 | 408 656 |

## AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE

**Voorbereidingsgrondslag**

Die verkorte finansiële inligting is voorberei in ooreenstemming met die raamwerkkonsepte en die meting- en erkenningsvereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS) en die AC500-standaarde soos uitgereik deur die Rekeningkundige Standaarde Raad, die inligting soos vereis deur IAS 34: Tussentydse Finansiële Rapportering, die JSE Beperk se Noteringsvereistes en op die wyse wat deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis word. Die verslag is voorberei aan die hand van rekeningkundige beleid wat voldoen aan IFRS en stem ooreen met wat in die finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2010 gebruik is, met uitsondering van die aanname van IAS2, IFRS5, IAS7, IAS28, IAS31, IAS38 en IAS39, en is onder toesig van Craig Barnard, die Groep Finansiële Direkteur, voorberei.

**Verkrygings**

Die volgende verkrygings is gedurende die tydperk geëindig 30 September 2011 gedoen:

- Humulani Marketing (Edms) Beperk R8 miljoen.

## Gekonsolideerde verkorte STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

| | Ongeouditeer 30 Sept 2011 R'000 | Ongeouditeer 30 Sept 2010 R'000 | Geouditeer 31 Maart 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **4 554 795** | 4 107 941 | 4 262 675 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **367 427** | 347 684 | 353 953 |
| Finansiële beleggings | **3 064 579** | 2 973 587 | 2 965 674 |
| Klandisiewaarde en ander ontasbare bates | **355 628** | 317 743 | 362 453 |
| Finansiële bate, finansiële bruikhuurkontrak en langtermyn ontvangbare rekening | **693 520** | 405 170 | 510 655 |
| Uitgestelde belasting | **73 641** | 63 757 | 69 940 |
| **Bedryfsbates** | **2 611 883** | 2 049 633 | 2 626 192 |
| Voorraad | **1 304 191** | 1 185 391 | 1 381 615 |
| Handels- en ander ontvangbare rekenings | **896 519** | 650 327 | 698 526 |
| Huidige gedeelte van finansiële beleggings, finansiële bruikhuurkontrak en langtermyn ontvangbare rekening | **48 999** | – | 99 498 |
| Vooruitbetaalde belasting | **–** | 3 611 | 14 150 |
| Banksaldo's en kontant | **362 174** | 210 304 | 432 403 |
| Totale bates | **7 166 678** | 6 157 574 | 6 888 867 |
| **EKWITEIT EN VERPLIGTINGE** | | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **1 805 178** | 1 674 024 | 1 854 849 |
| Toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouers | **1 750 379** | 1 472 223 | 1 611 265 |
| Nie-beherende belang | **54 799** | 201 801 | 243 584 |
| **Nie-bedryfslaste** | **4 126 541** | 3 604 730 | 3 659 362 |
| Langtermynlenings, gewaarborgde terugkoop verpligting en finansiële verpligtinge | **4 120 805** | 3 601 177 | 3 653 114 |
| Uitgestelde belasting | **5 736** | 3 553 | 6 248 |
| **Bedryfslaste** | **1 234 959** | 878 820 | 1 374 656 |
| Huidige gedeelte van langtermynlenings en gewaarborge terugkoop verpligting | **48 999** | 19 476 | 126 071 |
| Handels-, ander betaalbare rekenings en voorsienings | **1 144 318** | 856 469 | 1 211 786 |
| Belastingverpligtinge | **17 442** | 1 365 | 13 052 |
| Bankoortrekkings | **24 200** | 1 510 | 23 747 |
| Totale ekwiteit en verpligtinge | **7 166 678** | 6 157 574 | 6 888 867 |

## SEGMENTINLIGTING

| | Ingenieurs verbruiksgoed R'000 | Kapitale toerusting R'000 | Groep, finansiering en ander bedrywighede R'000 | Totaal R'000 |
|---|---|---|---|---|
| **Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2011** | | | | |
| Inkomste | **1 301 801** | **1 119 116** | **142 083** | **2 563 000** |
| Bedryfswins | **159 393** | **93 904** | **7 618** | **260 915** |
| Totale bates | **1 479 687** | **1 071 338** | **4 615 653** | **7 166 678** |
| Totale laste | **374 870** | **706 977** | **4 279 653** | **5 361 500** |
| **Ongeouditeer ses maande geëindig 30 Sept 2010** | | | | |
| Inkomste | 1 163 572 | 877 940 | 131 261 | 2 172 773 |
| Bedryfswins | 142 090 | 54 380 | 17 685 | 214 155 |
| Totale bates | 1 209 443 | 785 502 | 4 162 629 | 6 157 574 |
| Totale laste | 287 538 | 566 206 | 3 629 806 | 4 483 550 |
| **Geouditeer jaar geëindig 31 Maart 2011** | | | | |
| Inkomste | 2 387 363 | 1 876 542 | 269 896 | 4 533 801 |
| Bedryfswins | 319 665 | 157 525 | 28 303 | 505 493 |
| Totale bates | 1 450 792 | 1 081 667 | 4 356 408 | 6 888 867 |
| Totale laste | 414 378 | 778 091 | 3 841 549 | 5 034 018 |

## ANDER INLIGTING

| | Ongeouditeer 6 Maande geëindig 30 Sept 2011 R'000 | Ongeouditeer 6 Maande geëindig 30 Sept 2010 R'000 | Geouditeer Jaar geëindig 31 Maart 2011 R'000 |
|---|---|---|---|
| Netto rentedraende skuld:ekwiteit-verhouding (uitgesluit langtermyn-befondsingskuld gesekureer deur beleggings en lenings) (%) | **3** | – | 3 |
| Waardevermindering en amortisasie (R'000) | **27 938** | 28 547 | 81 289 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **2 433,9** | 2 105,9 | 2 303,3 |
| Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent) | **1 939,4** | 1 651,4 | 1 785,2 |
| Kapitaalbesteding (R'000) | **34 829** | 9 342 | 114 374 |
| Voorwaardelike aanspreeklikhede (R'000) | **252** | 257 | 252 |
| Kapitale verpligtinge (R'000) | **22 700** | – | 7 121 |

## KOMMENTAAR

**FINANSIËLE EN GROEPOORSIG**

Die Groep het uitstekende resultate gelewer wat nog eens die gehalte van die onderliggende bedrywighede bevestig. Gedurende die oorsigtyd het die internasionale vraag na hulpbronne ferm gebly, wat die vraag na produkte van BMG, die Groep se besigheid vir industriële verbruiksgoed ondersteun het. Die vraag na landboumasjinerie was aansienlik hoër as verlede jaar, grootliks danksy goeie graanpryse, sowel plaaslik as oorsee. Die sektor vir konstruksiemasjinerie het bly herstel sodat hierdie afdeling sy bydrae tot Groepwins verhoog het.

Inkomste vir die ses maande onder oorsig het R2,5 miljard oorskry, 'n toename van 18% teenoor die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. Die toename van 22% in bedryfsinkomste tot R261 miljoen verteenwoordig 'n hoogs bevredigende opbrengs van 10,2% op verkope teenoor 9,7% die vorige jaar.

Wins voor belasting het met 29% tot R230 miljoen toegeneem, verdienste per aandeel met 34% tot 269 sent per aandeel en wesensverdienste met 27% tot 254 sent per aandeel.

Gedurende die jaar het die Groep 'n verandering in SEB-aandeelhouding op bedryfsbeheervlak deur Humulani Investments (Edms) Beperk gefasiliteer en befonds. Die Groep is ingenome daarmee dat dit nou 'n belang van 20% in die breed gefundeerde Humulani Empowerment Trust besit, tesame met die Humulani Employee Trust wat reeds 'n belang van 5% in Humulani Investments hou. Beide trusts word gekonsolideer kragtens IFRS SIC 12 Konsolidasie – Spesialedoel-entiteite.

In Augustus 2011 het aandeelhouers 'n leningskema vir die Invicta-groep se uitvoerende direkteure goedgekeur. Dit het, saam met die aandele-uitreiking ingevolge die Groep se Langtermyn-Bonusaandeel-appresiasieskema, gelei tot die uitreiking van 2 113 632 gewone aandele uit die tesourievoorraad. Die Groep het 'n wins van R19,6 miljoen uit hierdie uitreiking gerealiseer wat onder ander omvattende inkomste getoon word.

Die Groep belê steeds in bedryfskapitaal sodat kontant gegenereer uit bedrywighede van R168 miljoen tot R99 miljoen afgeneem het. Gedurende die oorsigtyd het die Groep 151 940 tesourie-aandele verkry en verskeie klein verkrygings vir saam R11,8 miljoen gedoen. Voorkeuraandeel-befondsing van R178 miljoen is gedurende die tydperk verkry en die Groep het die oorsigtyd in 'n baie gesonde posisie met kontant en kontantekwivalente van R338 miljoen afgesluit.

**BMG (BEARING MAN GROUP)**

Die volgehoue internasionale vraag na minerale hulpbronne het gelei tot 'n verbeterde vraag na industriële verbruiksgoed in Suid-Afrika, waarvan die meeste aan die mineraalhulpbronbedryf verskaf word. Hierteenoor is die afname in vervaardigingsbedrywighede in Suid-Afrika 'n bron van kommer vir die Groep.

BMG het goeie sake bly doen, met die meeste van sy afdelings wat groei teenoor die vorige oorsigtyd getoon het. Inkomste en bedryfswins het met 12% toegeneem en gepaard gegaan met goeie kontantgenerering. Hoewel handel in die breë bevredigend was, bly marges, soos ook die sake-omgewing, onder druk soos kommer oor die volhoubaarheid van die internasionale hulpbron-oplewing groei.

BMG se voorraadhouding het in die oorsigtyd met sowat R100 miljoen, tot meer as R800 miljoen toegeneem weens 'n strategiese besluit wat in 2010 geneem is om die voorraadvlakke van sleutelprodukte te verhoog. Dit behoort die sleutel tot goeie prestasie in die tweede helfte van die jaar te wees, aangesien leweringstye vanaf verskaffers 'n uitdaging bly.

**CEG (CAPITAL EQUIPMENT GROUP)**

Hoë mielie- en graanpryse in die oorsigtyd het gelei tot 'n opswaai in die vraag na landboutoerusting. Trekkerverkope het op 'n jaargrondslag in totaal met meer as 50% toegeneem en stropers met 30%. CEG het hierdie verhoogde vraag benut en inkomste vir die periode met 27% tot meer as R1,1 miljard verhoog.

Die sektor vir konstruksiemasjinerie wat die afgelope twee jaar met meer as 50% gekrimp het, het weer begin groei sodat hierdie afdeling 'n betekenisvolle bydrae tot CEG se resultate vir die ses maande gelewer het.

Criterion Equipment toon volgehoue groei en lewer ook 'n goeie bydrae tot CEG se wins. Danksy voortgesette sterk bedryfskapitaalbestuur en die verhoogde verkope het CEG goeie kontantgenerering ervaar.

**ANDER BEDRYWIGHEDE**

Die Groep het nou sy verspreidingsnetwerk vir Tiletoria-winkels gevestig, en hoewel dit nog nie 'n wesenlike bydrae tot die Groep lewer nie, is dit winsgewend en sal dit na verwagting te bly groei.

**VOORUITSIGTE**

Indien die huidige handelstoestande voortduur, verwag die Invicta-groep om sy sterk vertoning vir die res van die jaar voort te sit. Die ongestadigheid van die rand mag 'n sekere gebrek aan stabiliteit tot gevolg hê aangesien dit die prysbepaling van goedere bemoeilik. Valuta-bestuur en kontantgenerering sal daarom deel van bestuur se kernfokus bly. Die Groep het verskeie verkrygings geïdentifiseer wat nou verder ondersoek word, 'n proses wat na verwagting teen jaareinde afgehandel sal wees

Die Groep handhaaf sy dividendbeleid van 3,5 keer dividenddekking op halfjaar. Die Direksie kondig gevolglik met genoeë aan dat 'n dividend van 77 sent per gewone aandeel verklaar is. Dit verteenwoordig 'n styging van 35% teenoor die vorige jaar.

**DIVIDENDE**

Die Direksie het 'n tussentydse dividend van 77 sent per aandeel verklaar.

In voldoening aan die vereistes van Strate is die volgende datums van toepassing:

| | |
|---|---|
| Laaste dag om "MET" dividend te verhandel | Vrydag, 25 November 2011 |
| Eerste dag om "SONDER" dividend te verhandel | Maandag, 28 November 2011 |
| Rekorddatum | Vrydag, 2 Desember 2011 |
| Betaaldatum | Maandag, 5 Desember 2011 |

Aandeelsertifikate mag nie gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie van Maandag, 28 November 2011, tot en met Vrydag, 2 Desember 2011, albei dae ingesluit.

Op las van die Direksie

**C Barnard**
*Sekretaris*

Kaapstad
7 November 2011

**Geregistreerde kantoor:** Invicta Holdings Beperk, 3de verdieping, Pepkorgebou, Stellenbergweg 36, Parow Industria, 7493 • Posbus 6077, Parow-Oos, 7501

**Oordragsekretaris:** Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Grondvlak, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 • Posbus 61051, Marshalltown, 2107

**Direkteure:** Dr CH Wiese* (voorsitter), A Goldstone (besturend), C Barnard, AK Masuku^#, J Mthimunye^, DI Samuels^, LR Sherrell*, AM Sinclair, CE Walters, adv JD Wiese*
** Nie-uitvoerend # Plaasvervangend ^ Onafhanklik nie-uitvoerend*

**Borg:** Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Beperk

GRAPHICULTURE

www.invictaholdings.co.za